# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**November 2024**



*'n Jaar van Geleenthede*

*"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook."*

*Joh 20:21*

# *Die Hande van die Here*

## *Lukas Lebalelo*

**Lukas Lebalelo, plaaslike sendeling van Klipkerk, getuig van die kragtige werking van die Heilige Gees.**

Een van Lukas en Rebekka se dogters het gespesialiseerde mediese hulp nodig, en moet hulle Klerksdorp hospitaal toe gaan vir behandeling. Na hul onlangse besoek getuig Lukas as volg:

*Goeiemore almal, dis lekker om vandag hier te wees.*

*Die eerste Maandag wat ons daar* (by die hospitaal) *was, sit ons almal daar* (in die wagkamer) *soos in die kerk. Security laat ons nie toe om met mekaar te praat nie. En ek dink, miskien sal security my toelaat om te bid. As ek so kyk, dis baie mense. Ons kry daardie genade dat hulle sê ons kan bid vir die mense.*

*Nou, hierdie Maandag het ons die Hande van die Here gesien daar. Dit was baie, baie mense wat die dag daar gekom het. Ons kry weer toestemming om te bid vir die mense. Ons het vir security gevra of ons die Woord mag gee vir die mense. Hy sê ja, ek kan aangaan.*

*Ek sê vir die mense, ons gaan bid oor die Skrif van Matt 11:28 – "Come to Me, all who are tired. Come to Me. Come to Me."*
*En ek gaan na 'n ouma wat daar op 'n bed lê om vir haar te bid. Ek sê toe vir die mense dat ek vir die ouma gaan bid maar vra dat almal die salvation prayer agter my aanbid.*

*Haar seun help dat sy my mooi kan hoor. Terwyl ek bid, gryp die ouma my hand styf vas. Ek bid en almal bid agter my aan, en ek bid en bid en bid.*

*Toe ek amen sê, het ek nie geweet dat die ouma is weg, dood, Huis toe, terwyl ek gebid het nie.*

*'n Oupa wat daar naby sit, roep my en sê: "My kind, hou aan, gaan aan, die ding wat jy doen is reg. Hier waar ek sit het ek gesien die ouma het gegaan, Huis toe gegaan. Gaan aan met die werk van die Here."*

*Die mense wat daar was, het alles gesien wat gebeur het en gevra ek moet vir hulle elkeen bid. Daar was baie mense.*
*Ek het vir al daardie mense gebid.*

*Dankie vir die mense van die Klipkerk. Dankie vir die support wat julle ons gee. Terwyl ek gebid het vir al daardie mense, het ek die krag gevoel van die mense wat saam met ons staan met die gebed dat ons kan aangaan.*

*Een van die oumas vir wie ek gebid het, het vertel dat ons lank gelede vir haar die Johannes Evangelie gegee het. Dan dink ek wat Ds Johan altyd vir my sê: "Saai net die Saad, daar waar jy gaan. Jy moet net die Saad saai. Dan sal die Here die werk verder doen."*

*Dit is nie ons nie, dis net die Here wat die werk kan doen.*

*Ek het daardie dag die Hande van die Here gesien.*



***Ons bid die Here van die oes om die Saad wat gesaai is, te laat groei en vrug dra.***

*Lukas op besoek in Lichthuis*

Op die sendingakker loop sake heel dikwels en byna meestal anders as die verwagte ideaal. Dan is dit so normaal om moedeloos te word en te dink alles was vergeefs. Enige mens soek tog normaalweg na vrug op die arbeid. Dikwels neem dit baie jare voordat enige positiewe verandering sigbaar word.

Geen sendeling of prediker of evangelis is in staat die vrug te BEPAAL nie. Dit is geheel in ons Skepper se hand. Sommige saad val op rotse, sommige tussen onkruid. Niemand kan die uiteinde bepaal of voorsien nie. Volhard net met die Saad se saai, al is dit soms en heel dikwels onder baie moeilike omstandighede. Dit is ons opdrag en verantwoordelikheid. Op die regte tyd sal die Groot Landman kom en self besluit oor die oes. Markus 4:1-9 verduidelik baie mooi oor die saad wat wel opgekom het. Kyk gerus na die verhouding. Selfs die wat wel opgekom het, het nie ewe veel gedra nie. Let veral op na Markus 4 vers 27 se einde: “Hoe weet hy self nie.”

Een baie belangrike gedagte is dat die Skepper in elk geval groter is as die eenvoudige skepsel en selfs simpele foute en flaters kan gebruik tot iets bruikbaar in die Koning se ryk.

*Spore van Genade,* Pieter Prinsloo, 2015.